

Renosterveld se geheime ontrafel

Nuwe navorsing toon dat grondeienaars wat hul renosterveld gereeld brand om grasse te bevorder, die samestelling, diversiteit en struktuur daarvan vir altyd kan verander.

Renosterveld word as krities bedreig beskou, trouens, in die Wes-Kaap is die situasie só krities dat slegs 6% van die laagland-renosterveld nog bestaan.

Dit beteken net een ding: Renosterveld moet met die grootste moontlike omsigtigheid benader word. Maar nou het navorsing dié ironie blootgelê: Aanbevelings wat in die verlede gemaak is, was

moontlik die verkeerde manier om renosterveld te bestuur.

Om hierdie bevindinge te kon maak, het 'n navorser letterlik teruggestap op die voetspore van renosterveld. Só ver as in die tyd van die Khoi en selfs nog voor die Europeërs se koms na die Kaap.

Vir haar doktorsale studies het dr. Odette Curtis, bestuurder van die Overberg Lowlands-bewaringstrust, die grond in renosterveld laag vir laag ontleed.

Haar navorsing strek van Caledon in die weste tot by Swellendam en Heidelberg in die ooste. Die kern van haar navorsing is: Is renosterveld 'n struikagtige grasveld of 'n grasserige struikveld?

GRASVELD OF STRUIKVELD?

Ekoloë het vroeër geglo dat renosterveld histories oorheers is deur grasvelde en dat blomstruik van die madeliefie-familie en ander grasse (soos polgrasse) in renosterveld begin oorheers het weens oorbeweidings deur vee.

Anekdotiese bewyse uit die 1700's en die vroeë 1900's toon dat die Kaap moontlik meer smaaklike grasse gehuisves het en dat renosterveld vandag oorheers word deur renosterbos en ander dominante madeliefie-

INLAS: Dr. Odette Curtis. FOTO: VERSKAF

BO: Onlangse navorsing toon dat renosterveld nie vervalde grasvelde is wat oor tyd deur blomstruik, renosterbos en madeliefie-spesies ingeneem is nie, maar eerder dat blomstruik oor die eeue heen 'n belangrike komponent van renosterveld was. Dié foto van 'n C4-grasveld wat ryk is aan geofiete, is buite Napier geneem.

FOTO: ODETTE CURTIS

spesies bloot omdat die veld oor die dekades heen wanbestuur en beskadig is.


Daar is ook geglo dat deur renosterveld gereeld te brand, die rooi- en blougrasse aangemoedig word om te groei en goeie veeweidings verskaf. Dit het egter die graskomponent van renosterveld beskadig en die groei van renosterbos en ander madeliefie-spesies aangemoedig.

As 'n mens egter verder teruggaan, ongeveer 2 000 jaar, word bogenoemde teorie bevestig. 'n Groep navorsers glo dat die Khoi-mense 'n belangrike rol gespeel het in die omskakeling van renosterveld van 'n struikveld in 'n grasveld om hul vee te voed.

Hul argument is dat die Khoi-mense gereeld die veld gebrand het, juis om die plantegroei te manipuleer sodat die grasvelde


LIGGING

1. Caledon,
2. Swellendam en
3. Heidelberg, Wes-Kaap



KORTOM

- Slegs 6% van laagland-renosterveld bestaan nog.
- Dit lyk of aanbevelings wat in die verlede gemaak is om renosterveld te bewaar, verkeerd is.
- Renosterveld moet oor dieselfde tydverloop as fynbos gebrand en dan met rus gelaat word.



BO: Koolstofontledings toon dat dit onwaarskynlik is dat die Overberg histories gedomineer was deur grasse, behalwe op klein renosterveldkolle. FOTO: ODETTE CURTIS

LINKS: 'n C3-struikveld met *Gladiolus vandermerwei*, 'n bedreigde spesie. Laagland-renosterveld wat hoofsaaklik in die Wes-Kaap voorkom, is bekend vir sy ongelooflike diversiteit, maar slegs 6% van dié renosterveld bestaan nog. FOTO: ODETTE CURTIS

aan boere? Dit toon dat aanbevelings wat in die verlede gemaak is, moontlik die verkeerde manier is om renosterveld te bestuur.

AANBEVELINGS

Ekoloë het vir 30 jaar aanbeveel dat renosterveld elke drie jaar gebrand moet word, dog die navorsing wys dat renosterveld nie as 'n grasveld bestuur moet word nie en dus nie elke drie jaar gebrand moet word nie.

“Grondeienaars moet eerder renosterveld brand oor dieselfde tydsverloop as fynbos, of selfs langer. Die ideaal is om renosterveld in die herfs te brand. Dit bevoordeel smaaklike grasse en bolle,” sê Curtis.

Ná die brand is die belangrikste ding om die veld te laat rus. As die veld egter swaar oorbeweï is, is dit ook 'n goeie plan om dit te laat rus voordat dit gebrand word. Die veld moet eerder vir 18 tot 24 maande rus voordat dit weer beweï word. Beweïding van renosterveld moet verkieslik vermy word aan die begin van die winter tot laat lente.

Die kennis wat tans beskikbaar is, dui daarop dat renosterveld slegs van die laaste deel van November tot vroeg Maart beweï behoort te word. Indien moontlik, moet grondeienaars probeer om nie die diere in die veld te voer nie omdat die gebiede vertrap kan word en dit dikwels lei tot die indringing van uitheemse grassoorte en dissels.

Grondeienaars word aangemoedig om die veld ook te monitor vir tekens van oorbeveïding of vir tekens dat die veld dalk gebrand moet word. Curtis sê grondeienaars moet oplet watter spesies die diere verkies en hulle monitor. As dié spesies kleiner of korter word, verminder of nie meer blom nie, is dit beter om vir eers die diere uit die veld te verwyder.

Sy sê die navorsing is veral belangrik in die lig van die bedreiging waarvoor renosterveld te staan kom. In baie gevalle verstaan grondeienaars die waarde van die renosterveld wat op hul grond voorkom, en werk hulle saam om die pragtige kolle te beskerm.

Hierdie verbintenis was ook duidelik sigbaar tydens die bekendstelling van die Overberg Lowlands-bewaringstrust in 2012 op Suurbraak. Die trust is gestig om die oorblywende renosterveldhabitate saam met grondeienaars, die Wes-Kaapse departement van landbou, en ander nie-regeringsorganisasies te bewaar.

Me. Heather D'Alton is die kommunikasiebestuurder van die Agulhas-biodiversiteitsinisiatief (ABI). **LBW**

Meer inligting is beskikbaar op die webwerf <http://www.overbergrenosterveld.org.za>

gestimuleer word. Hierdie argument het twee moontlike, en teenoorgestelde, uitkomstes vir renosterveld tot gevolg gehad.

Indien die Khoi die renosterveld gereeld gebrand het om die groei van grasse te bevorder, is daar beslis die moontlikheid dat graskomponente beskadig is en die groei van renosterbos en madeliefie-spesies aangemoedig is (wat nie so kwesbaar is wanneer hulle oorbeweï word nie).

Maar tog, as die nomadiese Khoi-mense groot gebiede gebrand het terwyl hulle met hul vee daar deurbeweï het, het hulle moontlik die veld baie rustyd gegee, wat sodoende weer die groei van die graskomponent sou bevorder.

GRONDMONSTERS

Om die kern van haar navorsing te bewys, het Curtis grondmonsters uit renosterveld geneem en die verskillende lae grond ontleed. Organiese materiaal in die grond bestaan uit oorblywende plantmateriaal, dus kan die samestelling van grond meer duidelikheid bied oor watter plante vroeër daar gegroei het.

Die organiese materiaal kan dus uit grasse, soos rooigras (C4-grasse), bestaan of dit kan uit struikagtige materiaal (insluitend renosterbos) bestaan, asook ander grasse, soos polgrasse (C3-grasse). Organiese materiaal van plante wat hoër op in die monster ge-

vind is, het meer onlangs gegroei, terwyl die grond wat dieper in die monster is, op ouer plantegroei dui.

Die resultate van hierdie navorsing het nuwe lig op die vraagstuk geplaas. Koolstofontleding toon dat dit onwaarskynlik is dat die Overberg histories gedomineer is deur C4-grasse, behalwe op klein renosterveldkolle.

Die navorsing het ook bevind dat blomstruik en die grasse wat saam met blomstruik groei, soos polgrasse, meer voorkom in renosterveld as C4-grasse.

Maar veral belangrik: Die navorsing het vasgestel dat grondeienaars wat hul renosterveld gereeld brand om grasse te bevorder, die samestelling, diversiteit en struktuur van hul renosterveld vir ewig kan verander.

Dit het ook verder getoon dat daar in die verlede moontlik meer C4-grasse was vergeleke met wat vandag beskikbaar is (nadat die diepste grondmonsters hierdie grasse aangetoon het).

Curtis waarsku dat grondeienaars moet onthou dat daar verder oos (byvoorbeeld by Humandsdorp, 'n gebied wat nie in hierdie studie ingesluit is nie) wel ander, meer algemene grasse is en dat dit moontlik is dat die getal grasse afgeneem het weens oorbeveïding oor die eeue.

Watter boodskap dra hierdie navorsing oor

'Die ideaal is om renosterveld in die herfs te brand, wat die groei van smaaklike grasse en bolle sal aanmoedig.'